



bybelgenootskap van suid-afrika

bible society of south africa

maatskappy sonder winsoogmerk

non-profit company

maatskappy registrasiesno / company registration no 2008/007505/08

Bybelsondag

Deur: Gerhard Lindeque

Tema: Die genesende krag van God se Woord

Teksgedeeltes: Spreuke 15:30, 2 Samuel 5:6-8 en Johannes 5:1-13 (2020-vertaling)

Dit is altyd lekker om goeie nuus te kry. Dit laat 'n mens sommer beter voel. Die berigte in die Bybel oor Jesus se genesingswonders is sulke goedvoel-stories. Die agtergrond daarvan is egter nie so 'n mooi verhaal nie. Soos ons gelees het, was dit koning Dawid se wrok teenoor blindes en kreupeles wat daartoe gelei het dat hulle nie in die tempel toegelaat is nie en dus ervaar het dat hulle deur God verstoot word. Kan 'n mens jou dit voorstel dat Dawid se optrede met sy inname van Jerusalem, soveel jare later nog so 'n ingrypende invloed op mense se lewens kon hê? Mense soos die blindes en verlamdes by die bad van Betsata.

Dit is daarom opmerklik dat wanneer Jesus in Jerusalem kom, Hy na die bad van Betsata toe gaan. Dit was 'n plek wat ander mense eerder vermy het want jy kon moontlik onrein verklaar word as jy in kontak met iemand daar was. Jesus kom na hierdie man toe wat niemand meer het wat hom kan help nie. So is God. God kom na ons toe waar ons ons bevind in ons hopeloosheid en eensaamheid. Dit is die verassende wat ons leer in hierdie teksgedeelte. Dit is nie ons wat na God toe moet kom nie, maar God wat ons ontmoet te midde van ons omstandighede. Jy hoef nie tempel toe te gaan om God te ontmoet nie. Deur sy Gees is God by jou daar waar jy lê.

In die tweede plek praat Jesus met hierdie man. Dit is asof Jesus hom net weer wil herinner daaraan dat daar vir hom hoop is. Jesus vra: Wil jy gesond word? Miskien het hierdie man alle hoop laat vaar en het hy dit nie meer as 'n moontlikheid gesien dat hy sal kan loop nie. Ons het dit ook soms in die lewe net weer nodig om daaraan herinner te word. Daar is altyd hoop. God praat met ons deur sy Woord en gee ons weer hoop. Oor en oor verseker God ons in sy Woord dat ons swaarkry verby sal gaan en dat Hy aan ons die krag sal gee om dit te hanteer.

En dan genees Jesus hierdie man sonder die bad se water! Die genesende krag van God se Woord word hier baie prakties gedemonstreer. Jesus sê gewoon vir hom: Staan op, tel jou slaapmat op en loop. Jesus se woorde was waarskynlik vir hierdie man die beste nuus wat hy in 'n baie lang tyd gehoor het. Dit was vir hom in der daad soos Spreuke sê 'n goeie berig wat sy liggaam verfris het. Dit bring hom in beweging.

posbus 5500
tygervallei 7536 suid-afrika
hoofkantoor
edwardstraat 134 bellville
uitvoerende hoof
ds dt gevers

biblia@biblesociety.co.za
t +27 (0)21 910 8777
f +27 (0)21 910 8799
www.bybelgenootskap.co.za
www.biblesociety.co.za

p o box 5500
tyger valley 7536 south africa
head office
134 edward street bellville
chief executive officer
rev dt gevers

goeie nuus vir almal vir altyd
good news for all for ever

Die optrede van die Joodse leiers verskil egter radikaal van Jesus. Kan jy jou voorstel dat jou eerste woorde vir iemand wat vir 38 jaar nie kon beweeg nie sal wees: Dit is Sabbat, jy mag nie jou slaapmat dra nie. Dit is mos absoluut gevoelloos. Hulle sien glad nie die wonder raak wat hier plaasgevind het nie. Maar dit is wat gebeur wanneer die nakom van wette en voorskrifte vir jou belangriker word as mense. Ons moet verseker ook daarteen waak dat ons nie blind en gevoelloos raak vir mense se omstandighede nie.

Uit die gebeure in hierdie teksgedeelte kom die genade van God op 'n besondere wyse na vore. Hierdie man het nie vir Jesus geken nie. Maar Jesus het hom geken. Net soos wat Jesus jou en my ken en bewus is van ons persoonlike omstandighede. Verder was daar baie ander siekes ook daar by die bad van Betsata. Tog hoor ons nie dat Jesus nog ander siekes daar ook genees het nie. Net so het Jesus met jou en my elkeen ook 'n persoonlike en unieke verhouding.

Die Bybel is dié boek met goeie nuus. Dit bevat die goeie nuus dat God ons só lief het dat Hy al ons sonde vergewe het en uit genade aan ons die ewige lewe gegee het.

God se Woord is 'n geneesmiddel vir die seer in die lewe. Daar is egter geen bonatuurlike krag in die bladsye van die Bybel nie, maar waar mense volgens die Woord van God begin leef, vind daar heling plaas.

In hierdie tyd waarin mense siek word en sterf as gevolg van 'n wêreldwye pandemie, het ons die geleentheid om met deernis na mekaar uit te reik deur God se Woord met mekaar te deel.

Wie is daar wat jy kan besoek as God se verteenwoordiger?

Wie is daar met wie jy kan praat as God se boodskapper?

Vir wie kan jy 'n Bybel gee as 'n gebaar van God se liefde?

Amen!